



Verw : Dekbrief – 2020
 Dept : Toelatings
 Kontak : apply@eversdal.org.za
 Datum : 15 Februarie 2019

Vir Aandag: Ouers – Graad 1: 2020

LAERSKOOL EVERSDAL: INSKRYWINGS – 2020

Ek neem die vrymoedigheid om ons skool vir u gunstige oorweging aan te bied. Die keuse van u kind se skool is 'n belangrike proses. Om u hiermee by te staan, neem die skool die volgende stappe:

1. INSKRYWING

1.1 Voltooid inskrywingsvorme moet die skool bereik teen **15 Maart 2019**. Hierdie inligting en statistiek stel die skool in staat om die personeeltoekenning en die begroting vir 2020 af te handel. Die inligting, soos deur die skool versoek op die ingeslote vorms, is vir die skool uiters belangrik vir 'n korrekte leerlingdatastelsel. U word dus vriendelik versoek om die vorms volledig en, indien moontlik, in **drukskrif** te voltooi.

1.2 Vanjaar is Laerskool Eversdal 'n proefskool t.o.v. die aanlyn toelatingsproses. Aangesien hierdie elektroniese proses nog op 'n proefbasis geloods word, het die Beheerliggaam besluit om 'n gelyklopende aansoekproses. Ouers moet steeds aansoeke in tweevoud voltooi, d.w.s. voltooi die skoolaansoekvorm sowel as op die **WKOD Aanlyn webwerf: <https://admissions.westerncape.gov.za>** (aanlyn aansoek).

Voltooid skoolaansoekvorme kan aan die skool terugbesorg word of per e-pos gestuur word.

Dit is verpligtend vir ouers wat by meer as een skool aansoek doen, om hul voorkeurorde op die stelsel aan te dui. Hierdie proses geld vir nuwe toetreders (Gr. 1), sowel as nuwe Gr. 2 – 7 leerders vir 2020.

2. DOKUMENTASIE

Aansoeke moet vergesel word van die volgende dokumente:

Een paspoort-grootte **kleurfoto** van die leerder

Gesertifiseerde afskrif van leerder se **volledige geboortesertifikaat**

Afskrif van **Immuniseringssertifikaat** (slegs Graad 1)

Gesertifiseerde afskrif van beide ouers / voogde / borge se **ID- dokumente**

Indien geskei, 'n afskrif van die **egskeidingsbevel**.

Bewys van permanente woonadres: Gesertifiseerde afskrif van **jongste munisipale rekening** of

Gesertifiseerde afskrif van **wettige huurooreenkoms**

Afskrif van jongste vorderingsverslag / skoolrapport (Gr. 2-7)

Oordragcertifikaat van vorige skool (Gr. 2-7)

Hierdie aansoek moet vergesel word deur: Vertroulike inligting rakende u kind

Bylaag B waar van toepassing

Skoolfondsvorm (Debietorder)

Finansiële onderneming

Nasorgbrief, waar van toepassing



3. GRENSE TUSSEN SKOLE / WOONGEBIEDE

Alhoewel die grense van die skool nie rigied en absoluut is nie, bied Bylae A 'n aanduiding van woongebiede wat waarskynlik binne die skool se geografiese grense val.

4. ALLE AANSOEKERS

4.1 Voornemende ouers sal vanaf **07 Junie 2019** in kennis gestel word van aanvaarding. Ouers moet 'n skriftelike aanvaarding teen **12 Julie 2019** by die skool inhandig.

4.2 Let wel: Leerders wat reeds broers en/of susters in die skool het, moet ook aansoek doen teen **15 Maart 2019**.

5. INLIGTINGSAAND

'n Gerigte Inligtingsaand word gereël vir alle ouers (en huidige Preprimêre leerders) op 24 Oktober 2019 om 18:00. Verskillende fasette van die skool sal aan u voorgehou word. Spesifieke behoeftes van nuwe leerders en eerste toetreders sal bespreek word.

** Hierdie uitnodiging kan ongelukkig nie uitgebrei word na boeties en / of sussies van voornemende leerders nie.*

6. VERDERE INLIGTING

Indien u nog onseker is oor enige aspek van u kind se onderrig of inskakeling by die skool na die Inligtingsaand, of iets spesifiek oor u kind wil bespreek, is u welkom om 'n afspraak te skeduleer met die skool vanaf 31 Oktober 2019 op Maandae tot Donderdae. U afspraak sal dan hanteer word deur die skoolhoof, of adjunkhoofde, of die hoof van die Grondslagfase.

7. OUERGIDS

'n Omvattende ouergids met algemene inligting word ingesluit. Ouers word versoek om hierdie inligting deeglik te bestudeer. U kan ook die skool se webwerf besoek by www.eversdal.org.za Verdere inligting volg in die nuwe jaar.

8. NAVRAE

Enige verdere navrae kan aan die skool gerig word by (021) 976-8134.

Ons sien daarna uit om u te ontvang. Mag u verbintenis met ons skool baie spesiaal wees vir u as ouer en u kind.

Groete

**GETEKEN: HENK ARANGIES
LAERSKOOL EVERS DAL: SKOOLHOOF
2019**